



Nasionale Landbou Jeugskou

Vark Handleiding



INDEKS

- 1. VOORBEREIDING VIR DIE SKOU**
- 2. BY DIE SKOU**
- 3. VERTONERSKUNS EN BEOORDELING**
- 4. RASSE**
 - 4.1. Groot Wit
 - 4.2. S A Landras
 - 4.3. S A Hampshire
 - 4.4. S A Duroc
 - 4.5. Groot Swart
 - 4.6. Chester
- 5. JONG VARK – BESTUUR**
- 6. VOEDING**
- 7. VEEARTSENYKUNDIGE ASPEKTE**
- 8. GENETIKA / ERFLIKHEID**
- 9. PRESTASIE-TOETSING**
- 10. KLASSIFIKASIE VAN VARKVLEIS**
- 11. NUTTIGE WENKE**
- 12. DELE VAN DIE GROOT WIT-VARK**



1. VOORBEREIDING VIR DIE SKOU

Dit moet etlike maande voor die skou begin. Hiertydens word die dier geleer om “sosiaal” met mense om te gaan, sodat hy maklik by die skougronde sal hanteer. Die vark moet geleer word om opdragte te gehoorsaam en te reageer op aanduidings wat óf met ‘n soliede óf met ‘n platkantige stok vir hom gegee word. Spane kan gebruik word om diere te leer maar is nie gewens by ‘n skou nie aangesien dit die beeld van die dier afbreek. Ligte tikkies behoort voldoende te wees. Die dier moet ook gereeld gewas word sodat dit aan water en om geskrop te word, gewoon kan raak. Dit is wenslik om n dier sistematies te was. Byvoorbeeld van bo na onder en van links na regs. Begin ‘n vark van sy nek af agter toe nat maak en was. Vermy om water in die vark se ore te kry. Maak seker die vark is goed nat voor seep op gesit word. Indien jy klaar jou dier gewas het, maak seker alle seep is afgespoel en hare lê natuurlik.

Benodighede kan die volgende insluit:

Adverteer / stoetbesonderhede
Gesondheids- en/of registrasiedokumente
Kooigoed, Besem, Hooivurk, Tuinslang-koppelings
Wasgerei:
Sjampoe, Spons, Lappe of Borsel, Water spuitbottel
Vlieëspuit en/of Wond-aerosol
Kos en Kosemmer

Gee die diere vir ‘n week of langer voor die skou kos en water in die houers wat jy op die skou gaan gebruik. Dit sal keer dat hulle nie hulle eetlus verloor en weier om water te drink nie, want hulle sal dan aan die houers gewoon wees.

Varke moet minstens twee weke voor die skou ontworm en teen brandsiek behandel word. Varke moet verkieslik vroegdag terwyl dit nog koel is, vervoer word, anders moet jy ‘n seil van kleedstof oor die vragmotor trek en die varke voor die reis natspuit. As die varke buitengewoon gespanne raak tydens vervoer, probeer hulle daaraan gewoon maak deur hulle voor die skou ‘n paar keer op uitstappie-ritte te neem.

2. BY DIE SKOU

Hou jou dier, hok en gange skoon en netjies. Moenie kos- en waterremmers in die hok laat rondlê nie. Hou die varke te alle tye skoon en voorsien van goeie kooigoed. Sorg dat daar genoeg skaduwee is want varke is geneig om gespanne te word van hitte. Dit kan verder voorkom word deur te sorg dat daar te alle tye genoeg koel water is deur die dier klam te hou. Dit bevorder afkoeling deur verdamping.

Party diere kan na die reis effens mank wees, want hulle is nie aan so baie beweging in hulle normale akkomodasie gewoon nie. Sorg vir baie hooi vir hulle om op te lê en moedig hulle aan om op die sagte gras in die kampies rond te loop. Wees bedag daarop dat jong soggies vanweë die spanning van die rit op hitte kan kom en dit sal hulle baie teensinnig maak om rond te loop, want hierdie is ‘n “staande” hitte. Dit gebeur gewoonlik 2 – 3 dae ná die reis, so moet dus nie te lank voor die tyd by die skou aankom nie. Ondervinding, vaardigheid, beheer en vertrouwe is die dinge waarop by die hantering van jou vark gelet word. ‘n Verantwoordelike veeboer behoort te alle tye by sy dier te wees om besoekers te woord te staan. Hoflikheid en ‘n netjiese voorkoms is belangrik.

Wanneer die skoudag aanbreek, sorg dat jy weet wat gedoen word en wees oral betyds. Sorg dat die varke genoeg kos en water gehad het om te verhoed dat hulle aandag in die arena afgetrek word, want hulle sal maar te gretig wees om hulle nuwe omgewing te verken.

Vir voorbereiding en alvorens hulle die arena binnegaan, moet alle miskolle verwyder word, oë afgevee, die skaamspleet gereinig, kloutjies skoongemaak en die dier afgeborsel word. (Indien nodig kan vlieë-spuiststof gebruik word om hierdie oorlas te voorkom.) Sodra dit alles gedoen is, moenie onnodig by die dier rondpeuter nie, maar laat dit rus totdat dit tyd is om die arena te betree. Onthou om die dier nat te spuit met waterbottel voor hy die arena betree, help om dier koel en rustig te hou. Hare moet netjies en natuurlik lê. Lei die dier kalm en so gemaklik moontlik na die arena. Die vark is van nature nuuskierig, so laat hom maar die wêreld aangaande 'n bietjie verken, soos wat hy vreemde reuke gewaar word, maar hou dit steeds aan die beweeg – moenie jou haas nie!

3. VERTONERKUNS EN BEOORDELING

Die vertoner beoefen 'n kuns waarvolgens die hanteerder sy dier op só 'n wyse ten toonstel dat die aandag op dier se sterk punte gevestig word. Met ander woorde, die vertoner wil 'n goeie beeld van die dier by die beoordelaar vestig. Vertoonkuns begin nie 'n week voor die skou nie, maar wel sodra die vark bekom is. Varke moet tuis gereeld in hulle hokke rondbeweeg word sodat hulle aan die hanteerder gewoond kan raak. Hulle moet voor skoudag al gewoond gemaak word om op 'n kiere of sweep te reageer. Spane word gebruik om varke te leer maar nie om mee te skou nie. Varke moet in goeie omstandighede gehou en behoorlik gevoer word om gladde, blink hare op die vel te verseker. Dit beteken 'n skoon hok, verkieslik met skoon hooi of skaafsels vir kooigoed. Die vark moet op 'n baie smaaklike, goed gebalanseerde dieet gevoer word.

Uitwendige parasiete moet beheer word, anders sal die vark 'n growwe vel en haarbedekking hê. Dit kan nodig wees om varke verskeie kere te bespuit om van luise en brandsiek ontslae te raak. Sorg dat jy 'n produk vir sowel brandsiek as luise gebruik. Daar is verskeie produkte beskikbaar om luise te beheer, maar net enkeles vir brandsiek. Lees die instruksies op die etiket wanneer jy van hierdie produkte koop en hou daarby.

Sindelikheid is die eerste maatstaf vir evaluasie van vertoonkuns. 'n Vuil of gevlekte vark bied nie 'n goeie beeld van die dier nie. Daarby doen 'n hanteerder met vuil klere afbreuk aan die vark se voorkoms. Varke moet een- of tweekeer voor hulle aankoms by die skou gewas word en dan weer pas voor die skou. 'n Sagte seep moet gebruik word om die vark mee te was. Onthou veral om daardie dele wat moeilik bygekom word, soos die ore, pote, elmboogdele, flanke en oogholtes, ook skoon te maak. 'n Nat lap word gewoonlik gebruik om binne die ore en die oogholtes mee te reining. 'n Skropborsel kan op die res van die vark gebruik word. Die seep moet deeglik uit die vark se hare uitgewas word, anders veroorsaak dit 'n skurwe vel. Keer dat daar nie water in die vark se ore kom terwyl dit gewas en afgespoel word nie. Nadat die vark afgespoel is, borsel die hare weer terug na hulle natuurlike posisie.

Ten einde die vark op sy allerbeste te vertoon, moet die hanteerder kennis dra van die betrokke tipe en sy vark se sterk en swak punte ken. Omdat varke so min hare het, kan nie veel gedoen word om hulle voorkoms deur middel van die hare te verander, soos in die geval van party ander spesies nie.

Die vark se voorkoms kan wel deur voedings- en hanteringspraktyke tydens die aanloop tot die skou verander word. In die sestiger- en vroeër sewentigerjare het die klem op

afname in rugspek en toename in ham en lende geval.

Gevolgtlik is baie burge vir etlike weke of langer voor die skou op 'n beperkte dieet geplaas. Dit het veroorsaak dat hierdie burge 'n mate van vet verloor en hulle dus maerder voorgekom het as wat die geval sou wees as hulle net van die voervloer af gekom het. Daarbenewens was hierdie varke vlakker in die flank wat dit laat lyk het asof hulle 'n groter persentasie ham en lende het. Gedurende hierdie periode is gemeen dit is wenslik dat varke vlak in die ribbe is, omdat hulle dan swaar gevlees en afgerond voorgekom het.

Baie van hierdie burge was sewe maande of ouer. Om hierdie ouer, growwer varke fyner gebeen te laat lyk, is die ore en sterte geknip. Hulle is ook aan die onderkant geknip om hulle vlakker te laat voorkom.

Vandag se beskouing oor ideale varke vir bemerking verskil van dié van destyds. Producente soek steeds maer, gevleesde varke, maar hulle verlang varke wat vinnig groei en vroeg bemerkbaar is. Hierdie varke moet ook sterker wees, want hulle is swaarder en massiewer ten opsigte van hulle gebeente. Ten einde vinnig te kan groei moet hierdie varke baie kapasiteit hê, met ander woorde baie diepte van rib en flank en voldoende breedte by die borsbodem. Gevolgtlik is dit deesdae nie wenslik om varke se ore, sterte en onderkante te knip nie. Om mark-varke vir die arena te knip, het geassosieer geraak met ou, taai burge wat uitgehonger is om hulle maer te laat lyk.

'n Vark se hare moet geborsel word om die glans uit te bring. Daar moet ruim voor die skou mee begin word en dit kan ook dien om die vark met die hanteerder vertrouwd te maak. Die hare moet natuurlik op die vark lê, wat beteken dat hulle effens agtertoe en dan afwaarts geborsel moet word. Gebruik net water op die vark pas voordat die arena betree word. Die vark sal dan blink en netjies lyk as hy die arena binnegaan en die water sal mettertyd verdamp soos die beoordeling voortduur en die vark koel hou. Olie en spirits word nie as 'n substituuat vir water aanbeveel nie, want dit maak die vark warm en ongemaklik.

Terwyl die vark tentoongestel word, moet die hanteerder altyd weet waar die beoordelaar staan en waar die vark is, sodat hy die vark tussen hom en die beoordeelaar kan hou. Die vark moet aan die beweeg gehou word deur dit vorentoe en agtertoe in die arena te jaag, terwyl dit sowat 4 – 5 meter van die beoordeelaar weg gehou word. Dis belangrik om die vark 'n redelike afstand van die beoordelaar af te hou, sodat hy die vark behoorlik kan sien. Varke moet met óf 'n kiere óf 'n sweep, aangejaag word. As 'n kiere gebruik word, moet dit met die haak weg van die hand gehou word. Dit bied die hanteerder 'n groter oppervlaktegebied om die vark te beheer. As 'n sweep gebruik word, moet dit kort wees (niks langer as 'n meter nie), en lig. Ongeag watter een die hanteerder verkies, moet dit om die vark se kop en skouers aangewend word. Die vark leer baie geredelik om op ligte tikkies teen sy kop en skouers se reageer. Moenie die vark op die lies of ham slaan nie, want hierdie is waardevolle varkveleissnitte en dit sal die karkas se waarde verminder as hulle gekneus word. Die hanteerder moet 'n klein borseltjie in sy sak dra en dit gebruik om vuiligheid af te borsel of die vark se hare glad te borsel, wanneer die beoordeelaar nie kyk nie.

As hy aangesê word om die vark te hok, moet die hanteerder die dier so gou moontlik in die hok kry. Varke moet voor skoutyd afgerig word om 'n hok binne te gaan en dit behoort 'n eenvoudige takie op skoudag te wees. Sodra die vark gehok is, moet die hanteerder sorg dat hy die vark op sy pote hou, want die beoordeelaar kan verdere opdragte gee. As die beoordeelaar na die hok toe kom, sorg dat die vark skoon en aan die hok se voorkant is sodat die beoordeelaar dit kan bekyk.

Wees hoflik in die arena. Een hanteerder behoort nie 'n ander se vark te slaan nie. Onthou om alle hekke agter jou toe te maak, óók die van die beheerhokke. Help ander vertoners

waar moontlik, soos byvoorbeeld om die hok langs joune se hek vir iemand anders oop te maak. Ten slotte, as die vark wat jy aanjaag tussen die beoordeelaar en 'n ander vark wat hy besig is om te bekyk kom, laat gaan jou vark en beweeg dan óm die ander vark en sy hanteerder.

Die vertoner behoort skoon, netjies en konserwatief geklee te wees ten einde nie afbreuk aan die vark te doen nie. Dra hardepunt-skoene (wit "gumboots") om jou voete te beskerm vir in geval die vark op hulle trap. Sandale en tekkies is nie dienlik nie, want hulle bied weinig of geen beskerming. Laastens, 'n vertoner moet positief ingestel wees. Om varke ten toon te stel is baie mededingend, maar ook 'n groot persoonlike aanwinst. Diegene wat nie positief ingestel is nie, verbeur waarskynlik die aanwinste van hulle swyneprojek.

Die vertoner se vermoë om die vark te hanteer, kan op verskeie maniere getoets word. Die beoordeelaar kan so iemand versoek om enige van die volgende te doen:

1. Jaag die vark na die einde van die arena en hou dit daar.
2. Jaag die vark om hindernisse soos stoele of hekkies.
3. Stop die vark.
4. Hok die vark.
5. Ruil varke met 'n ander vertoner om.

Die beoordeelaar kan jou vermoë om te keer dat jou vark nie met ander in gevegte betrokke raak nie, as 'n toets vir beheer aanwend. Onthou, vertonerkuns is 'n evaluasie van die vertoner se vermoëns om die vark te versorg en ten toon te stel. Die beoordeelaar sal sowel die vertoner se kennis van varke as die vark se afrigting en versorging vóór die skou, evalueer.

Die vark sal vir konformasie t.o.v. raseienskappe beoordeel word, naamlik minstens 14 funksionele spene, welgevormde skaamspleet, sterk rug en bene, dravermoë en, waar toepaslik, in hoe 'n mate die vark aan die vereistes van sy ras en vleisgehalte voldoen.

By die beoordeling van fisieke konformasie kyk ons in die eerste plek na die vark se pote en bene, romp-lenigheid en die ruglyn. Die struktuur van die vark se skouer en voorbeen hou baie nou verband. Hangskouers bied die voorbene baie beweeglikheid en skokabsorbering wat die dier se gwig oor die hele voetsool versprei. Die skouers moet groot wees en maklike rotasie of penetrasie toon. Die voorbene moet effens konkaf (bak) wees of tru neig by die knie en die pote moet groot wees met eweredige tone, kootgewigte buigsaam en skokwerend. 'n Baie regop skouer veroorsaak dat die vark oor sy knieë strek en hom dwing om op sy tone te staan. Die agterbene moet eweneens deur elasticiteit en goeie beweeglikheid gekenmerk word sodat die vark met gemak lang treeë kan gee.

Die romp moet betreklik diep, lank en wyd wees om die vark liggaamskapasiteit te gee. Liggaamskapasiteit kan van die kant af gesien word as diepte van ribbe of flank, van voor af as breedte van die onderbors, en van kluut (avocet), af as breedte tussen die skouerblaaië en oor die lende. Onthou, 'n vark het in werklikheid 'n klein liggaam oortrek met 'n dik laag spek. Die vark se ruglyn moet gelyk wees. As 'n reël is 'n vark met 'n gelyk ruglyn stewig gebou en kan vryelik beweeg.

Die hanteerder sal op sy beheer oor die vark en sy selfvertroue in die arena beoordeel word. Die kennistoets sal dan reeds afgehandel wees, maar daar kan in hierdie sessie wel verwysings na bykomende feite t.o.v. varkbestuur en konformasie opduik.

4. RASSE

4.1. GROOTWIT

Gedurende die afgelope 10 jaar het die Grootwit in gewildheid toegeneem. Op 'n stadium het hierdie ras bykans van die SA toneel verdwyn maar te danke aan die versierendheid van sekere telers het die Grootwit in gewildheid toegeneem en vandag verteenwoordig hierdie ras die grootste hoeveelheid varke wat deur die toetsstasie gaan. Die prestasieresultate van die Grootwit is ietwat beter as dié van enige ander ras en individuele diere behaal resultate van VO so laag as 1.75/l. Die Grootwit-sog is 'n uitstekende moeder wat groot werpsels kan speen. Die Grootwig-sog is oor die algemeen ook baie mak en wanneer 'n Landras-beer met sodanige sôe gepaar word, word uitstekende F1 vroulike diere verkry. As 'n ras, is die Grootwit minder stres-geneig as die Landras, maar stres-geneigdheid kom wel voor veral by swaar gespierde varke.

Erkenning : **PIGMANIA**

4.2. S.A. LANDRAS

Die SA Landras kan ongetwyfeld as die "grootmoeder" van Suid-Afrikaanse varkrasse beskou word. Die Landras het 'n noemenswaardige rol gespeel ter verbetering van die prestasie van die Suid-Afrikaanse varkboer. Soos alle rasse het die Landras ook maar sy probleme. Een van die probleme wat egter d.m.v. seleksie oorkom word is stres. Op 'n stadium in die Suid-Afrikaanse geskiedenis van varkteling was 'n groot persentasie Landras varke stres-geneigd, maar a.g.v. voortdurende seleksie het daar 'n verbetering ingetree (toetsstasie-resultate op halotaan-toetse). As gevolg van die SA Landras se moederseienskappe word hulle dwarsoor die wêreld in ekstensiewe kruisteelprogramme met Grootwit-varke gebruik om F1 soggies van uitstaande gehalte te produseer. As suiwer ras is die Landras 'n mak en hanteerbare dier.

Erkenning : **PIGMANIA**

4.3. S.A. HAMPSHIRE

Die Hampshire is gelyktydig met die Duroc na SA ingevoer. Die rede vir die invoer van Hampshires is ook soortgelyk. Die Hampshire is bekend vir sy lae rugspek-dikte, uitstekende konformasie en groot oogspier. Hierdie ras is swart van kleur met 'n "gordel". Telers maak aanspraak op goeie resultate wanneer die Hampshire met die Landras gekruis word vir F1 sôe. Te min proefnemings is egter nog gedoen om die Hampshire vir hierdie doel te bevorder. Die Hampshire moet soos die Duroc as terminale beer gebruik word, maar ook hier word probleme met die kleur ondervind. Getalle is voorts ook 'n beperkende faktor en semen invoere vanaf die VSA vind gereeld plaas.

Erkenning : **PIGMANIA**

4.4. S.A. DUROC

Vir baie jare was daar slegs twee varkrasse in SA maar in 1980/81 is Durocs vir die eerste keer vanaf Kanada ingevoer asook SPF varke en embryos vanaf die VSA. Die doelwit van sodanige invoer was om 'n derde ras aan die SA varkboer beskikbaar te stel vir gebruik op F1 sôe. Die Duroc was as die mees geskikte beskou a.g.v. sy prestasie by toetsstasies en die feit dat wanneer hy op wit sôe gebruik word, sy kleur nie soos by ander gekleurde rasse 'n dominante faktor is nie. Die doelwit was nooit om 'n derde

primêre ras in Suid-Afrika te vestig nie en ten einde te verhoed dat te veel kleur in die nageslag na vore kom, is noukeurige beplanning nodig by die gebruik van 'n gekleurde ras. Die Duroc sog kan nie as 'n goeie moeder beskou word nie, ofskoon daar wel sêe is wat net so goed soos dié van ander rasse presteer. Telers wat dit oorweeg om Durocs te teel moet daarop konsentreer om hoë prestasie bere vir die terminale beermark te produseer. Die Duroc is absoluut stresvry en 'n goeie presteerder en groeier. Wat prestasie betref, vergelyk die Duroc goed met die Landras en na gelang daar met teling voortgegaan word en vir moeder-eienskappe geselekteer word, moet daar 'n verbetering wat hierdie eienskap betref, intree. Dit word egter benadruk dat hierdie 'n lang termyn projek is en dat vinnige resultate nie verwag kan word nie. Die Duroc beer is 'n uitstekende werker wat baie selde enige probleme met paring oplewer. Wanneer hy as terminale beer op F1 kruisings L/GW gebruik word, is die nageslag bykans altyd wit ofskoon 'n gekleurde vark somtyds vorokom. Die voordeel van sodanige drieledige kruisings oorskadu egter verlies a.g.v. die afgradering van die paar gekleurde varke. A.g.v. beperkte getalle en die klein genetiese poel word semen voortdurend vanaf die VSA ter verbetering van hierdie ras ingevoer.

Erkenning : **PIGMANIA**

4.5. GROOT SWART

Hierdie ras is sover terug as 1910 na Suid-Afrika ingevoer en tot met die koms van die witrasse was die Groot Swart die gewildste ras in Suid-Afrika. A.g.v. die vooruitgang van die witrasse het die Groot Swart egter byna uitgesterf, maar 'n paar suiwer geteelde voorbeelde het behoue gebly en gesamentlike pogings word nou aangewend om hierdie ras weereens sy regmatige plek te laat inneem. Die Groot Swart is 'n uitstekende moeder wat groot werpsels kan speen. Vroulike diere is baie mak en die ras is welbekend vir hierdie eienskap. Die Grootwit word nou met die Landras gekruis om 'n superieure moeder te produseer. Proefnemings wat met F1 Grootswart / Landras kruisings gedoen word, het hulle as uitstaande buitevarke bewys. By 'n groot buite eenheid in Gauteng oortref hierdie F1 sêe alle ander rasse t.o.v. die aantal varkies gespeen. Die Groot Swart is egter 'n vet vark en die kleur kan wel by eerste kruisings deurkom. Dit word aanbeveel dat 'n Groot Swart / Landras kruising gebruik word om 'n wit varkie te produseer. Getalle is weereens hier 'n probleem en telers sal dit moet oorweeg om nuwe bloedlyne in te voer.

Erkenning : **PIGMANIA**

4.6. CHESTER

'n Beperkte aantal Chester Wit-varke is na Suid-Afrika ingevoer en word hoofsaaklik as terminale kruisbere gebruik. As terminale kruising het die Chester 'n voordeel bo gekleurde rasse, aangesien dit wit nageslag oplewer. Dit is ook bevind dat die Chester baie goed met die Grootwit kruis en uitstaande F1 soggies oplewer. Proefnemings is egter nog in die begin stadium en beproefde resultate kan eers oor 'n paar jaar verwag word. Op hierdie stadium lyk dit egter baie belowend. Die Chester word in die VSA as moederras gebruik, maar aangesien daar reeds twee uitstaande moederrasse in Suid-Afrika is, kan die Chester nie as suiwerras op hierdie gebied meeding nie. Baie min toetsing is nog op die Chester in Suid-Afrika gedoen en gevolglik is die Chester op hierdie stadium nog nie, uit 'n ekonomiese oogpunt gesien, baie belangrik nie. Daar is egter 'n paar telers wat voortgaan met die verbetering van die ras en indien hulle vooruitgang toon, mag die Chester a.g.v. sy kleur 'n belowende toekoms in Suid-Afrika hê. Soos die Duroc en die Hampshire het die Chester 'n uitstekende been-struktuur en bere is goeie werkers. Met die uitsondering van sy kleur, is die Standaard van Voortreflikheid t.o.v. die Chester dieselfde as dié van die Duroc en Hampshire.

Erkenning : **PIGMANIA**

5. JONG VARK-BESTUUR

Varkboerdery in Suid-Afrika word oorwegend intensief bedryf, d.w.s. binne ommuurde huisvesting met betonvloere of omgewings-gemaklike akkommodasie, in teenstelling met ekstensiewe boerdery waar die diere in oop kampe gehou word.

Daar is by benadering 128 000 sôe in Suid-Afrika en hulle werpsels lewer elke jaar ongeveer 2,1 miljoen varke vir die slagpale. Dit gee gemiddeld 16,5 klein varkies per sog per jaar (verkoop). Daar is ongeveer 1 000 varkboere in die land.

Die topprodusente in die land kan 24 varkies per sog uit 'n kudde van gemiddeld 300 sôe aan die handel lewer.

5.1. TELING

Dis hier waar die hele proses van varkproduksie begin. 'n Sog raak gewoonlik 3 – 5 dae ná haar werpsel gespeen en van haar weggeneem is, weer op hitte. Sy sal dan weer stilstaan vir die beer. Gewoonlik word hy toegelaat om haar net 3 keer te dek, met tussenposes van 12 ure na elke paring. Sommige boere pas kunsmatige inseminasie op sôe toe ten einde op die aantal bere wat hulle moet koop, te bespaar. Sodoende hou hulle minder bere aan, maar van beter genetiese gehalte. KI wor normaalweg tweekeer per sog met tussenposes van 24 uur toegepas.

Waar die natuurlike bevrugtingsproses toegepas word, is een beer vir elke 12 – 14 sôe nodig en met KI net die helfte van dié aantal bere. Bere kan normaalweg 2 sôe per week dek, d.w.s. ongeveer 6 dekkings.

Die Engelse word "gilts" verwys na jong sôe wat nog nie gedek is nie, of nog nie 'n werpsel gehad het nie. So 'n jong sog raak gewoonlik op ongeveer ses maande op hitte, maar moet verkieslik eers op 7 – 8 maande en wanneer sy 110 – 120kg weeg, gepaar word. Sy kom gewoonlik elke 3 weke op hitte totdat sy vat. Dit geld vir alle nie-dragtige sôe.

Sodra die sog dragtig is, word sy na droë soghutte of –hokke geneem waar sy bly totdat haar werpsel gebore is. Dis noodsaaklik om die sog die eerste 6 weke so kalm en ontspanne moontlik te hou vir maksimum vatbaarheid. Sy word elke 21 dae tot op 63 dae getoets of sy steeds dragtig is. Dit kan gedoen word deur óf 'n "toetsbeer" te gebruik, óf 'n instrument wat dragtigheid toets. As sy nie dragtig is nie, sal sy weer op hitte kom en kan sy 'n "probeer weer" – of PW-sog genoem word, of 'n "nie-dragtige" of ND-sog. Dan moet sy na die beer teruggaan, of geslag word omdat haar vrugbaarheid laag is.

'n Droë sog is dragtig vir 3 maande, 3 weke en 3 dae, d.w.s. ongeveer 114 dae. Sy sal 2kg kos per dag gevoer word (ongeveer 13 – 14% proteïene) tot op dag 90 waarna sy 3kg per dag gevoer sal word totdat sy geboort gee. Die kos sal die laaste vier weke vermeerder word sodat sy nie kondisie verloor nie. Dit help met die groei van die werpsel in haar baarmoeder, met uierformasie en dus later melkproduksie vir die nuwe werpsel.

Die sog word twee weke voordat haar werpsel gebore word teen E.Coli en Erisepelas (wondroos) ingeënt, ook vir brandsiek behandel en ontworm om te voorkom dat sy of enige ander bron hierdie siektes op die klein varkies oordra.

5.2. BEVALLINGSHOK (WERPSELHOK)

Die droë sê word 3 – 5 dae voor bevalling na die bevallingshok oorgeplaas sodat hulle kan gewoon raak aan die bevallingskrate en –omgewing waarin hulle hulle kleintjies sal kry. Die sog word gewoonlik vooraf met 'n reinigingsmiddel/-seep afgewas om te sorg dat sy so skoon moontlik vir die bevalling is. Só word voorkom dat onnodige siektes, ens. na geboorte op die klein varkies oorgedra word. Krate word gebruik om te voorkom dat die sê, wat soms maar onverskillig is, hulle kleintjies doodlê.

Sowat 6 – 12 uur voor bevalling word die uiers vol melk. Vanaf ongeveer 6 ure voor die geboorte toon sy tekens van nesgedrag, raak rusteloos en wil nie vreet nie.

Die geboorteproses duur gemiddeld 2 – 4 ure en is voltooi wanneer die nageboorte uitkom. Die melk wat sy die eerste 6 – 8 ure produseer, word bies genoem en bevat groot hoeveelhede teenliggaampies wat die kleintjies moet inkry om hulle teen 'n verskeidenheid siektes (bakterieë en virusse) in die omgewing bestand te maak. Dis bekend as passiewe immuniteit en is van die sog afkomstig. Bies voorsien ook die noodsaaklike energie wat die klein varkie in staat stel om die eerste paar dae van sy bestaan te oorleef.

Hierdie immuniteit neem na ongeveer 3 – 4 weke af, waarna die varkie sy eie immuniteit moet ontwikkel. Dit word aktiewe immuniteit genoem wat hom veral teen E.Coli wat in die sog se mis voorkom, moet beskerm.

Die varkies moet dadelik na geboorte bies drink, minstens 60ml binne die eerste 6 uur want daarna kan hulle nie langer teenliggaampies absorbeer nie. Daarna moet hulle onder 'n infrarooi-verwarmer geplaas word om hulle liggaamstemperatuur gestand tussen 28 – 30°C te hou. Hulle pote en naelstringe moet ook met 'n ontsmetmiddel, bv. Jodium, behandel word, sodat hulle nie ontsteking in die gewigte of naeltjies op doen nie.

Die boonste en onderste oogtande kan tussen die eerste en derde dag geknip word, die ore gekeep, die stert teen die pit afgesny en die nou, droë naelstring afgeknip word.

Teen dag 5 moet al die varkies ook 'n yster-inspuiting kry sodat hulle nie bloedarmoede ontwikkel nie, iets wat 'n probleem kan wees by varke wat op betonvloere gehuisves word en nie met grond in aanraking kom nie. Die varkie kry te min yster uit die sog se melk en voldoende yster raak eers beskikbaar wanneer met kruipvoeding begin word en die lewer funksioneer. Dit gebeur op die ouderdom van ongeveer 4 weke.

Intussen word die sog nou op 'n laktasie-dieet (16% proteïene) geplaas wat volumegewys geleidelik vermeerder word tot 2 weke nadat sy haar kleintjies gekry het. 'n Sog moet by benadering 2kg kos plus 0,5kg vir elke kleintjie per dag kry. Bv: 'n sog met twaalf kleintjies, behoort $2\text{kg} + (0,5 \times 12) = 8\text{kg}$ kos per dag kry om genoeg melk vir die klein varkies te kan produseer.

Sê moet ook vrye toegang tot baie koel, vars water hê, wat gewoonlik teen 'n tempo van 2 liter per minuut uit drupkrane kom. 'n Sog kan tydens haar hoog-soogtydperk tot 20 liter water 'n dag drink en lewer in hierdie stadium 8 – 9 liter melk.

Die kleintjies kry kruipvoer in die jonghok vandat hulle 10 – 14 dae oud is. Dit is gewoonlik ongeveer 20% of meer proteïen met baie melkpoeier daarby. Wanneer die sog se melkproduksie na ongeveer 3 weke die piek bereik, moet die varkies ekstra kos

(kruip) inkry om gesond te bly en hulle behoeftes aan te vul om optimale groei te verseker.

Varkies kan op 2 – 3 weke buikloop of diaree ontwikkel as gevolg van die verandering in hulle immuniteit. Dit word gewoonlik “melk-skittery” genoem. As dit ernstig is, kan hulle ‘n antibiotika by wyse van inspuiting of deur die mond gegee word, anders hoef dit nie behandel te word nie.

5.3. SPEEN- EN GROEIFASE

In Suid-Afrika word klein varkies gewoonlik op tussen 4 en 5 weke gespeen en behoort dan tussen 7,5 en 9kg te weeg.

‘n Varkie behoort nie gespeen te word as hy onder die 6kg weeg nie, want dan sal hy daarna nie kan aanpas en goed groei nie. Speenvarkies word gewoonlik vir brandsiek behandel en dan in ‘n verhitte hok (ongeveer 28°C) geplaas en op ‘n speenrantsoen van 18% proteïen – gewoonlik met een of ander medikasie daarin – gevoer. Hierdie medikasie is soms nodig om te voorkom dat die varkies E.Coli-buikloop kry.

Die speensog gaan na die teelafdeling en word in die beerhok gesit sodat sy op hitte kan kom en die hele siklus herhaal word. ‘n Sog kan gemiddeld ongeveer 2,2 werpsels per jaar hê. ‘n Goeie sog sal 9,5 – 10,5 varkies per werpsel hê en kan dus 20-24 varkies per jaar produseer. ‘n Sog kan tot 12 werpsels in ‘n leeftyd voortbring, maar word gewoonlik na 6-8 werpsels geslag om genetiese verbetering te verseker.

Hulle produseer gewoonlik vir 3 jaar voordat hulle vervang word. Dit gee ‘n vervangingskoers van 33% vir sê en jong sê (gilts). (Bere werk gewoonlik vir twee jaar en die helfte van die beerkudde word dus elke jaar vervang om genetiese verbetering te bespoedig.) Sowat 8-10% van die klein varkies kan voor speentyd vrek. Dit word suipvarkie-mortaliteit genoem en kan die gevolg wees van swakheid, abnormaliteite en siekte, geen melk of dat die sog die kleintjies doodlê.

Min (2-3%) vrek ná speentyd en dit kan veroorsaak word deur buikloop en ander siektes soos longontsteking en disenterie. Die speenvark word op ‘n 8%-rantsoen gehou tot op 10 weke, wanneer hy 28-30kg behoort te weeg. Hierna word hy ‘n groeivark genoem en ‘n groei-rantsoen van 16% gevoer tot op ongeveer 120-130 dae wanneer hy 60-70kg behoort te weeg, bekend is as ‘n slagvark en vir die lewering van vars varkvlies aangewend word. Alle varke word *ad lib* gevoer, d.w.s. hulle het vrye toegang tot soveel kos as wat hulle kan vreet. Dit verseker snelle groei.

Sommige boere hou die varke tot op 90-100kg op 150-160 dae en voer hulle ‘n afrondings-rantsoen van 14%. Hulle kan aan beheerde voeding onderwerp word, d.w.s. beperkte voeding per dag om te voorkom dat hulle té vet word. Hierdie swaarder varke is bekend as spekvarke. Tot op 10 weke ontwikkel die varke 3 dele vleis en 1 deel spek. Daarna verander die verhouding geleidelik sodat hulle op 5-6 maande 1 deel vleis teenoor 1 deel spek ontwikkel. Dus, hoe ouer die vark, hoe vetter is hy geneig om te word.

Slagsê aan die einde van hulle produktiewe lewe word worsvarke genoem en bere gaan na die slagpale toe as ru-varke.

By die slagpale word die gehalte van varkvlies volgens die dikte van die vark se rugspier en oogspier-wydte gegradeer en geklassifiseer en die boer dienooreenkomstig betaal. ‘n Intraskoop of Hennessy se gradering-peilstif word gebruik om die varkvlies te gradeer.

6. VOEDING

Die vark se spysverteringstelsel is feitlik dieselfde as dié van die mens, d.w.s. hy is 'n omnivoor, 'n allesvreter. Hy kan dus sowel plantvoedsel as diereprodukte vreet. Baie kleinboere voer hulle varke afvalkos uit hotelle of die mynkampongs. Dit is egter allesbehalwe ideaal vir die vark in soverre dit groei en gesondheid aangaan. In intensiewe stelsels word 'n samegestelde gebalanseerde voer gebruik wat die beste resultate t.o.v. van varke se gehalte en gesondheid lewer.

In alle rantsoene vir varke is mielies die algemeenste bron van energie en maak gewoonlik 60-70% van die rantsoen uit. Koring en graansorghum kan ook gebruik word, maar is minder gewild.

Vismeel is die belangrikste bron van proteïene en maak gewoonlik 5-10% van die rantsoen uit. Ander bronne van proteïene sluit sojabone en verskeie oliekoek-voedings in.

Die belangrikste bron van vesel is gewoonlik semels en vorm 15-20% van die rantsoen. Lusern is nog 'n vesel-komponent. Die res van die dieet bestaan hoofsaaklik uit sout, klasiem, fosfor en vitamien- en minerale kitsmengsels.

Laasgenoemde kitsmengsels vorm gewoonlik 2-4kg per ton van die kosmengsel. Medikasie word by die kos gevoeg indien nodig, want dit is die mees ekonomiese manier om so baie varke op 'n slag te dokter. Gewoonlik word so 1-2kg antibiotika per ton tot die kos bygevoeg. Vir speenvarke word die antibiotika soms by die water gevoeg want 'n siek vark kan by tye sy eetlus verloor, maar sal gewoonlik altyd water drink.

Bestandele wat groei bevorder is gewild by die meeste varkboere en behels produkte wat tot die rantsoen toegevoeg word om nadelige organismes in die spysverteringstelsel te bekamp. Dit maak dat die vark die voedingstowwe makliker absorbeer, verbeter die omskeppingsproses en dus ook die groei en winsgewendheid van die vark. 'n Rantsoen wat 'n omskepping van 4kg kos tot 1kg vleis (dooie gewig) lewer, word as 'n goeie normale kudde-rantsoen beskou.

Groeikaarte is by hierdie brosjure ingevoeg en bied meer besonderhede oor dié aspekte van varkboerdery, d.w.s. GDT – gemiddelde daaglikse toename; VOR – voedselomskeppingsratio, ens.

Die voorafgaande bied net 'n breë oorsig van varkboerdery met, hopelik, verwysing na die belangrikste aspekte. Dit gaan nie op al die besonderhede in nie, maar verskaf tog 'n goeie agtergrond en kan jou minstens help om die verwikkeldhede en uitdagings van varkboerdery te begin verstaan.

7. VEEARTSENYKUNDIGE ASPEKTE

Higiëne en siektebeheer is een van die belangrikste vereistes vir sukses met intensiewe varkboerdery. Die gereelde gebruik van goeie ontsmettingsmiddels tesame met die strategiese toediening van antibiotika soos die geleentheid vereis, is dus noodsaaklik. Daar is geen substituuat vir goeie bestuur nie en die sukses van 'n varkboerdery hang daarvan af.

'n Paar varksiektes van ekonomiese belang word hierna bespreek om 'n aanduiding te gee van hoe hulle moontlik gediagnoseer en voorkom of behandel kan word.

7.1. BRANDSIEK

Dit word deur 'n myt genaamd *Sarcoptes suis* (mytgeslag) veroorsaak en kan diere van alle ouderdomme aantast, maar meer dikwels ouer sêe en bere. Die myt grawe homself in die vel in en veroorsaak sodoende geweldige irritasie vir die dier wat homself gevolglik só krap dat dit sy groei met tot 10% kan benadeel. Afgesien hiervan kan dit ook ernstige fisiese skade aan die vark en geboue veroorsaak wat tot verdere ekonomiese verliese lei. Die myt neig om in die vark se ore en om sy beengewrigte saam te koek. Hierdie dele moet spesiale aandag by behandeling kry.

Die myt se lewenspan is ongeveer 3 weke. 'n Doeltreffende bestrydingsmetode is gevolglik om die diere eenkeer per week vir drie weke lank te behandel ten einde hierdie siklus te verbreek. Hokke en omliggende mure moet ook met dip bespuit word want die eiers en larwe skuil in spleete en krake, gereed om op nuwe diere wat in die hok kom, toe te sak.

Daar is verskeie dipmiddels, en nog ander wat op die vark gegooi word, beskikbaar om brandsiek mee te behandel, byvoorbeeld Six-a-cide, of Triatix Pig Pour-on.

Alternatiewelik kan die dier met oplossings soos Ivomac of Dectomax ingespuut word.

Voorkoming bly die beste behandeling. Daarom word gereelde behandeling van teeldiere aanbeveel, naamlik minstens tweemaal per jaar vir sêe en al om die ander maand vir bere, want hulle is die ergste draers in 'n kudde. Sêe moet verkieslik voor elke bevalling behandel word om te voorkom dat die werpsel besmet word.

7.2. ARTRITIS

Dit word deur 'n verskeidenheid bakterieë veroorsaak en kan enige ouderdomsgroep onder varke tref. Gewrigsontsteking of naelstring-ontsteking kan by jong suipvarkies voorkom. Dit tas hulle 'n paar uur na geboorte aan en is die gevolg van swak hygiene wat maak dat bakterieë die sagte sole van die pootjies kan binnedring. Om dit te voorkom, doop die pootjies en die naelstring so spoedig moontlik na geboorte in 'n ontsmettings-oplossing soos Jodium of Acriflavin.

Sêe is besonder geneig om mank te word omdat hulle so min beweegruimte het. Ooglopende absesse word oopgesny, met skoon water uitgespoel, waarna verdunde peroksiede in die wond gesit word. 'n Breë spektrum-antibiotika kan ook toegedien word.

Nie-aansteeklike mankheid kan ten beste met anti-inflammatoriese middels behandel word. Plaas die diere ook in 'n kamp waar hulle op grond kan loop, die ledemate kan beweeg en oefening kan kry.

7.3. ESCHERICHIA COLI-BUIKLOOP

Dit is die naam van die bakterieë wat buikloop of diaree veroorsaak. Die organisme is net werklik gevaarlik vir suipvarkies en speenvarkies. Dit kom natuurlik in die sog se spysverteringskanaal voor en gevolglik besmet hulle hulle kleintjies van geboorte af daarmee. Die klein varkies het aanvanklik nie hierdie bakterieë in hulle sisteem nie omdat hulle op melk leef, maar later, wanneer hulle vaste kos vreet, word hierdie organismes 'n nuttige en normale deel van hulle klein ingewands-flora.

Die sog besorg haar werpsel passiewe immuniteit teen E-coli via die biesmelk. Klein varkies moet minstens 6ml bies binne die eerste 6 ure na geboorte drink ten einde genoeg teenliggaampies teen hierdie en ander bakterieë of virusse in die omgewing in

te kry. Die passiewe immuniteit duur vir 2-3 weke na geboorte, waarna dit verdwyn en die varkeis hulle eie, aktiewe immuniteit teen E-coli moet ontwikkel.

Tydens hierdie oorgangstyd kan die klein varkie “melk-skittery” ontwikkel, maar dis onnodig om dit te behandel. Die volgende gevaar vir die varkie is wanneer hy gespeen word en van die melk na vaste kos oorskakel. As sy aktiewe immuniteit nie goed ontwikkel het nie, kan hy voor die bakterie swig en geelbruin diaree opdoen. Dit kan tot ontwatering lei, soms in vergiftiging omsit en die varkie kan uiteindelik vrek as hy nie behandel word nie. Om hierdie rede vorm antibiotikas gewoonlik deel van alle speenvark-rantsoene as voorkomende maatreël. Individuele drastiese gevalle kan met antibiotika-inspuitings of watermedikasie behandel word. Die siekte is van groot ekonomiese belang in 'n varkboerdery, want elke dag wat die vark aan diaree ly, beteken 'n dag langer voordat hy bemark kan word.

7.4. SWYNE – DISENTRIE

Dit word deur 'n bakterie-agtige organisme veroorsaak en tas varke van ongeveer 8-15 weke aan. Dis ontsteking van die dikderm en toon 'n bruinerige diaree, soms gemeng met vars slym en onverteerde bloed. Aangetaste varke vrek gewoonlik nie, maar hulle groei word gekortwiek. Medikasie met kos vermeng is die beste as 'n groot aantal varke aangetas is. Die meeste byvoegings wat groei bevorder, beheer ook hierdie siekte.

7.5. CAMPYLOBACTER / ROOIDERM

Dit moet nie met swine-disenterie verwar word nie want dit tas die dunderm aan en die diaree is gewoonlik baie donker en selfs swart vanweë verteerde bloed in die ontlasting. Diere kan vrek weens bloedverlies en daarom is snelle individuele behandeling met antibiotiese inspuitings nodig. Hierdie siekte tas gewoonlik spekvarke of jong sôe aan wat na die plaas gebring word.

7.6. LONGONTSTEKING

Daar is twee soorte, naamlik Mikoplasma en Aktinobasil wat hoofsaaklik groeiende varke aantast. Dis belangrik om tussen die twee te onderskei want die behandeling verskil en 'n entstof teen Mikoplasma is beskikbaar. Laat die diagnose aan die veearts oor om vas te stel welke een van die twee, of albei, aanwesig is. Swaar ekonomiese verliese kan die gevolg wees as 'n uitbraak van Mikoplasma die plaas tref. Hulle is egter geneig om gelyktydig te tref. Inenting, bestuur en medikasie in die kos is al drie nodig om hierdie siektes te beheer.

7.7. LEPTOSPIROSE

Leptospira-besmetting tas teeldire in die kudde aan, d.w.s. sôe en bere. Simptome sluit gewoonlik aborsie-storms, 'n toename in doodgeboortes en/of swak varkies by geboorte in.

Die bevrugtingskoers neem ook af. Die bakterie word deur die beer van sog tot sog oorgedra. Die siekte kan behandel word, maar 'n voorkomende inentings-program is raadsaam. Ekonomiese verliese kan swaar wees.

7.8. PARVO – VIRUS

Dis ook 'n siekte van die teelkudde, maar tas veral die ongebore werpsel aan. Die simptome van die siekte word by geboorte waargeneem in die vorm van fetusse in verskillende stadiums van mummifikasie en swak kleintjies met meningitis (ruggraatkoors). Misgeboortes kan plaasvind en vrugbaarheid nadelig geraak word.

Geen behandeling is beskikbaar nie en gevolglik is die boer op voorkoming deur inenting van die teeldiere aangewese. Weereens is die beer die algemeenste draer van die siekte.

7.9 ERISEPELAS / WONDROOS

Hierdie bakterie is normaalweg in die vark se mangels aanwesig, maar onder omstandighede van buitengewone spanning, bv. Koue en nat toestande, kan dit patogenies word, d.w.s. dit veroorsaak siekte en word dus skadelik vir die “gasheer”. Dit veroorsaak septisemie/bloedkiemgroei en die simptome is onder meer artritis, hartletsels en duidelike diamantvormige letsels op die vel, vandaar die Engelse benaming Diamond Skin Disease.

Dit kan met pennisiline behandel word, maar ‘n voorkomende inenting is noodsaaklik want die siekte is aanmeldbaar en die staatsveearts moet verwittig word. Hy kan die plaas dan onder kwarantyn plaas totdat die siekte verdwyn het en alle bemerking van varke belet totdat geen simptome meer waarneembaar is nie. Dit is teoreties, maar word selde in die praktyk toegepas.

7.10 WURMS

Varke word meestal deur die Askari-spesie van die ronde wurm aangetas, veral as hulle buite hokke aangehou word. Wurms veroorsaak nie baie ernstige skade nie, behalwe vir die lewer wat “melkvlekke” op kry en nie vir verwerking deur die fabriek gebruik kan word nie. Dis raadsaam om alle teelsôe minstens twee keer per jaar – voor elke bevalling – te ontworm om te voorkom dat wurms op die werpsel oorgedra word.

Ontworming-poeiers of middels wat ingespuut word, kan gebruik word.

7.11 VUILVEL (“GREASY PIG DISEASE”)

Dit kom baie algemeen in suipvarkies of speenvarkies voor, veral by eerste werpsels. Dis aan ‘n bakterie te wyte wat die vel beskadig sodat dit klam word en stof en ander vuilighede daarop aanpak. Vandaar die naam, want die varke lyk vuil en vetterig. Dit kan met atibiotiese inspuitings behandel word en deur daaglik met ‘n ontsmettingsmiddel soos ‘n jodiumproduk te was.

7.12 ATROFIESE RINITUS (UITTERENDE NEUS-ONTSTEKING)

Hierdie siekte neem alhoemeer ernstige afmetings onder varke in Suid-Afrika aan. Dit word deur ‘n kombinasie van twee of meer bakterieë in die vark se neuskanale veroorsaak.

Die bakterieë se gif vernietig die neusskulpbene wat die dier vatbaarder vir ander long- en asemhalingsiektes maak en die neus dermate beskadig dat dit skeef groei. Laasgenoemde is ‘n tipiese simptome van die siekte. Die belangrikste uitwerking is vertraagde groei in die kudde wat ernstige ekonomiese gevolge inhou. Behandeling is moeilik, maar antibiotika tesame met ‘n inentingsprogram kan die siekte in ‘n mate beheer. Bestuur is een van die belangrikste faktore om die toestand te beperk, naamlik om te sorg vir goeie ventilasie en dat varke mekaar nie verdring nie.

Dit is duidelik dat verskeie siektes ernstige finansiële verliese kan veroorsaak, derhalwe moet alle moontlike voorsorg getref word om te voorkom dat hierdie siektes ‘n kudde aantas. Dis die beste om teeldiere altyd van ‘n erkende teler te koop. Hou verkieslik sover moontlik by dieselfde teler want dit sal voorkom dat vreemde siektes die kudde binnegedra word aangesien telers juis om hierdie rede neig om hulle kuddes “geslote” te hou.

Raadpleeg u veearts vir 'n spesifieke inentingsprogram vir u besondere plaas want die meeste siektes kan deur inenting voorkom word. Voorkoming bly die beste medisyne! Die koste van gereelde inenting weeg hoegenaamd nie op teen die verliese wat 'n mens kan ly as een van hierdie siektes op 'n plaas uitbreek nie.

Dit is eweneens belangrik om nuwe diere wat van ander plase af ingebring is, op 'n aparte deel van die plaas onder kwarantyn te plaas. Hou hulle vir 4-6 weke afgesonder. Gedurende daardie tyd moet die jong sêe aan nageboortes, mummifikasies en mis van die hoofplaas af blootgestel word. Sodoende kan hulle immuniteit daarteen opbou.

Dis raadsaam om nuwe aankomelinge met 'n langwerkende antibiotika te behandel om siekteverspreiding te beperk, en ook met 'n anti-inflammatoriese middel om mankheid wat op lang reise volg, teen te werk.

Die voorgaande behoort goeie riglyne te bied vir die hantering van siekteprobleme in die varkhok, maar is hoegenaamd nie allesomvattend nie. Raadpleeg asseblief u veearts vir verdere besonderhede.

7.13 PLEKKE VIR DIE SPUITNAALD

Die beste plek om 'n klein varkie in te spuit is in die nekspier. Die posisie is een tot twee vingers agter die oor en in die boonste derde van die nek. Groter sêe word gewoonlik 'n handbreedte agter die oor ingespuite, ook in die boonste derde van die nek. Moet liever nie die agterste ledemate spuit nie want dit kan mankheid veroorsaak en ook die vleisgehalte benadeel. Gesteriliseerde naalde en spuite is noodsaaklik en sorg dat medisyne en entstowwe by die regte temperature bewaar word. Goeie higiëniese gebruike is onontbeerlik om doeltreffende reaksie op behandeling te verseker.

8. GENETIKA / ERFLIKHEID

Hierdie is 'n ingewikkelde maar belangrike deel van enige varkboerdery. Die soort varkproduksie wat 'n boer wil bedryf, sal die genetiese keuse t.o.v. sy kudde bepaal, bv. Of hy 'n teelkudde wil vestig om aan kommersiële boere te verkoop, of 'n vermenigvuldiger-eenheid en of hy net diere vir die mark wil produseer, ens.

Daar is tans vier hoofrasse in Suid-Afrika, naamlik Grootwit, Landras, Duroc en Hampshire. Chester-wittes verskyn nou ook geleidelik op die toneel. Jou wit varke is oor die algemeen dubbeldoelig, d.w.s. karkas- en moedertipe, terwyl jou gekleurde vakre meer na karkas- en vadertipe oorhel, m.a.w. hulle word nie in die moederlyn vir produksie gebruik nie.

Telers gaan gewoonlik vir rasegte bere in om aan die kommersiële varkboer te verkoop, en ook om hom van F1 jong sêe te voorsien om met die bere te paar. Hierdie F1 jong sêe is 'n kruis tussen 'n Grootwit-beer en 'n Landras-sog of omgekeerd. Dié jong sêe is 'n kombinasie van die twee rasse en dit maak van hulle die beste beskikbare moeder-lyn-sêe. Daar is geen kleur in hulle nie en hulle beskik oor baie goeie baster-vitaliteit, d.w.s. die vermoë om sterker, gesonder, snel-groeiender en getalryker werpsels as hulle rasegte eweknieë te lewer, selfs om hulle beter groot te maak weens verbeterde melkproduksie en moedersorg.

Die F1-jong sêe kan met rasegte bere gepaar word, of met kruisteelt-bere, bekend as F1 of basterbere/hibridiese bere.

Al laasgenoemde bere se nageslag behoort verkoop te word en nie vir teelddoeleindes gehou te word nie. Hierdie bere is terminale vaders want hulle dra goeie vleiseienskappe aan hulle nageslag oor, welke nageslag egter nie met mekaar geteel moet word nie omdat die twee nie kruisbaar is nie.

Daar is talle verskillende teelstelsels, maar bogenoemde stelsel het sigself as die beste bewys, d.w.s. waar kommersiële boere terminale bere aankoop en hulle met F1 jong sôe paar. 'n Meer algemene stelsel was om kriskras-teling toe te pas. Dit raak deesdae egter al minder gewild namate varkproduksie al meer eksak word. Met dié stelsel het boere net nuwe bere aangekoop, óf Grootwit, óf Landras, en hulle met hul eie jong sôe gepaar. As die gekeurde sog fisies meer na 'n Grootwit oorgehel het, is sy met 'n Landras-beer gepaar en omgekeerd. Die nadeel van hierdie stelsel is dat dit uiteindelik op 'n redelike mate van inteling uitloop en die baster-vitaliteit, waarna voorheen verwys is, raak verlore.

Gevolgtlik word weinig of geen genetiese vordering gemaak nie, tensy nuwe bere baie gereeld ingebring word. Gradering en vleisgehalte gaan agteruit.

Dis raadsaam om bere teen 'n eliminasiekoers van 50% te vervang, wat beteken dat hulle vir ongeveer 2 jaar op die plaas werk alvorens hulle geslag word. Die sôe word teen 'n koers van 33% vervang, d.w.s. ongeveer 3 produktiewe jare, of 6 – 8 werpsels, voordat hulle uitgeskakel word. Dit verseker voortdurende genetiese verbetering by albei geslagte. Na die sesde werpsel vind 'n mens gewoonlik dat die aantal kleintjies, hulle gewig, konformiteit en ook die sog se melkproduksie begin afneem en dis beter om haar dan met 'n nuwe en geneties verbeterde jong sog te vervang. Daar moet voortdurende genetiese vordering wees en elke jaar se bere en jong sôe behoort 'n verbetering op die vorige jaar s'n te wees.

8.1 KUNSMATIGE INSEMINASIE

Dit word al gewilder namate topgehalte bere duurder word en hulle beskikbaarheid afneem. Daarbenewens word dit in die lig van akkurater gradering en hoë voerprijs al meer noodsaaklik om bere met baie goeie VOR (Voedselomsettingsratio) te gebruik wie se slag-aanteel 'n hoë maer vleis-persentasie lewer.

Boere kan kunsmatige inseminasie volgens een van twee stelsels toepas:

- 8.1.1. Die boer koop vars of bevrore semen van erkende KI-sentrums en bevrug daarmee sy eie diere. Hy kan die sentrum se katalogus van hulle verskillende bere nagaan en semen bestel van die beer wat die beste aan sy besondere behoeftes voldoen.
- 8.1.2. Hy kan 'n KI-eenheid op sy eie plaas vestig. Dit vereis dat hy goeie gehalte bere aanhou, hulle gereeld tap en sy sôe dan met vars, verdunde semen bevrug.

Dié tegniek sal nie in besonderhede bespreek word nie, maar is betreklik eenvoudig. Die belangrikste aspekte is die gehalte van die semen en die tydsberekening t.o.v. die inseminasie. Ons sal liever op die voor- en nadele van die proses ingaan.

8.2 VOORDELE VAN KUNSMATIGE INSEMINASIE:

- 8.2.1 Semen van die beste, topgehalte bere is nou teen koste-effektiewe pryse aan kommersiële boere beskikbaar.
- 8.2.2 Teoreties kan die boer nou sy beerkudde met minstens 30-40% verminder.
- 8.2.3 Hy hoef minder bere aan te hou, maar van beter gehalte.
- 8.2.4 Hy het minder probleme wat met bere verband hou, bv. minder mankheid, minder siekteprobleme, minder akkomodasie is nodig, minder probleme met onvrugbaarheid en gebrek aan geslagsdrif, ens.
- 8.2.5 Omdat semen verdun kan word, kan topgehalte genetiese eienskappe vinnig deur die kudde versprei word.
- 8.2.6 Individuele bere kan nou binne 'n korter tyd volgens die werpsels wat uit hulle stam, ge-evalueer word.
- 8.2.7 Kuddes kan vinnig opgegradeer word deur semen by KI-sentrums te koop.
- 8.2.8 Dis ook baie belangrik dat die voorkoms van siekte afgeskaal en baie doeltreffender beheer kan word deurdat dit nie nodig is om voortdurend lewende diere van ander plase af in te bring nie.
- 8.2.9 Elke beer se semen word ge-evalueer en onvrugbaarheidsprobleme kan sodoende dadelik opgemerk word. Derhalwe kan 'n verhoogde bevrugtingskoers en dus ook 'n verhoogde werpselkoers verwag word.
- 8.2.10 Aangesien bere gereeld ge-evalueer word, kan bere akkuraat volgens prestasie uitgeskakel word, pleks van net op grond van ouderdom soos wat die geval in 'n konvensionele, natuurlike paringstelsel die geval is.

8.3 NADELE:

- 8.3.1 'n Baie intensiewer bestuurs-inset is nodig as die tyd wat aanvanklik daaraan bestee is om die proses te monitor.
- 8.3.2 Personeel moet spesiaal opgelei word om die proses doeltreffend uit te voer.
- 8.3.3 Daar sal 'n laboratorium ingerig moet word as 'n mens jou eie bere gaan tap. Dit kan aanvanklik nogal duur wees en opleiding vereis om dit te beman.
- 8.3.4 Swak genetiese eienskappe kan net so vinnig deur die kudde versprei word as goeie gehalte.
- 8.3.5 Waarneming van bronstigheid by jong en volwasse sôe is deurslaggewend vir die sukses van die proses en aandag aan detail is baie belangrik.
- 8.3.6 Probleme kan met vervoer en/of bewaring van semen verband hou. Mikroskopiese evaluasie is dus belangrik om sukses met kunsmatige inseminasie te verseker. Dit vereis toerusting en opleiding.

Oor die algemeen kan die nadele op die lange duur nie teen die voordele opweeg nie en mits die boer bereid is om die opleiding te kry en hom die tyd en moeite te getroos om die proses te vervolmaak, sal dit 'n sukses wees. Wees egter gewaarsku, doen dit liever van meet af behoorlik, of doen dit hoegenaamd nie, want die koste aan verkeerde tegniek, tydsberekening, bestuur, ens., kan baie hoog wees!

9. PRESTASIE-TOETSING

Telers toets bere volgens sekere parameters ten einde vas te stel hoe goed hulle is, naamlik:

- 9.1. Gemiddelde daaglikse toename (GDT) – met hoeveel gram hulle gewig daaglik toeneem, tydens die toets.
- 9.2. Voedselomsettingsratio (VOR) – hoeveel kos nodig is om 1kg vleis te produseer.
- 9.3. P2 – dikte van rugspek in die posisie van die 12e en 13e borsbeen, dws T12 en T13. Hierdie spesifikasies word tussen 30kg en 80kg gemeet terwyl die dier getoets word. Elke beer word dan 'n prestasie-telling van 200 of meer toegeken. Die syfer 200 word gewoonlik gebruik as die gemiddelde vir alle bere wat in daardie spesifieke jaar getoets is. Elke punt bo 200 dui aan hoeveel beter as die gemiddelde 'n dier is. Mits volgehoue vordering gemaak word, behoort die gemiddelde waarde van 200 elke jaar hoër as die vorige jaar se telling van 200 te wees.

Hierdie bere se kroos word “sentraal” getoets by bv. Irene en op die plaas self ten einde 'n akkurate bepaling te verkry van hoe hierdie diere in vergelyking met ander telers se varke sal presteer. Die beter of vooruitstrewende produsente koop bere eerstens op grond van hulle indeks (prestasetellings), en eers daarna word hulle voorkoms in ag geneem. Die oorerflikheid t.o.v. karkas na die kroos is 40-50% van die vader afkomstig, d.w.s. jy het 'n moontlikheid dat 50% van 'n besondere eienskap in daardie besondere beer se kroos waargeneem sal word. Moeder-eienskappe is swak t.o.v. oorerflikheid, naamlik in die omgewing van 10%. Dit is dus ooglopend waarom dit belangrik is om altyd goed geteelde bere met goeie prestasie-tellings te gebruik en waarom 'n mens nie jou eie bere behoort te teel nie.

Dis in die reël raadsaam om net van een besondere teler te koop en nie rond en bont deur die land aan te skaf nie.

Hierdie teler kan dan 'n teelprogram vir jou besondere situasie uitwerk en voorsien wat jy nodig het. Soek 'n teler wie se diere goed by jou boerderymetodes en omgewing aanpas en hou by hom. Dit het drie belangrike voordele.

- 9.4. Siektes word dramaties beperk tot wat hy op sy plaas het en die moontlikheid om nuwe en vreemde siektes op te tel, behoort skraal te wees (basies 'n geslote kudde).
- 9.5. Omdat julle nou saamwerk, kan hy jou gereeld raad gee en jou van diere voorsien om genetiese verbetering te verseker.
- 9.6. Derhalwe, as jy enige probleme het, kan jy altyd na hom toe teruggaan vir raad en opvolgdiens, want sy reputasie is op die spel.

10. KLASSIFIKASIE VAN VARKVLEIS

Alle varke word uiteindelik geslag en wel sodra hulle die verlangde gewig bereik het. Dit geskied by gespesialiseerde slagpales of by ander met die nodige geriewe daartoe. T.o.v. gewig val varke vir bemerking onder vier hoofkategorieë. Die eerste groep is suipvarke van tussen 12 en 20kg dooiegewig; dan kom die slagvarke van 20 tot 60kg dooiegewig; spekvarke weeg tussen 61 en 90kg en worsvarke 90kg of meer. 'n Ongekastreerde beer wat swaarder as 55kg weeg, word as 'n ru-vark geklassifiseer en is gewoonlik net as 'n byproduk soos hondekos geskik. In die reël lewer varke 70-75% van hulle lewende gewig aan die haak.

By die slagpale word die varke eers met 'n elektriese stroom doodgeskok, dan gebloeï en in 'n tenk met kookwater gedompel om die hare sag te maak vir afskraap. Dan gaan hulle deur 'n ontharingsmasjien voordat hulle deur higiënebeamptes vir siektes ens. ondersoek word. Daarna word hulle "gegradeer" oftewel geklassifiseer. Die klassifikasie van varkvleis draai om die konformasie van die karkas, die gewig, die dikte van die rugspek (P2) en die deursnee van die "oogspier" wat jou in staat stel om die persentasie maer vleis aan die karkas te bepaal.

Twee soorte instrumente word gebruik om varkvleis te klassifiseer. Die eerste en ouer metode is die gebruik van die instraskoop. Al wat dit doen is om die dikte van die spek oor die ribbe in die T12/T13 – posisie te meet, d.w.s. tussen die 2e en 3e laaste borsbeen 45cm van die midrif af.

Die jongste instrument is Hennessy se gradering-peilstif wat rugspek in dieselfde posisie meet en ook die deursnee van die oogspier langs die vark se rug. Uit hierdie twee afmetings kan die persentasie maer vleis aan die vark met redelike akkuraatheid bepaal word. Dit word dan gebruik om die vark in die verskillende kategorieë te klassifiseer en wel volgens die onderstaande spesifikasies:

KLAS	MAER VLEIS	RUGSPEK (mm)
P	>70%	<12
O	68 + 69%	13 – 17
R	66+67%	18 – 22
C	64+63%	23 – 27
U	62+63%	28 – 32
S	<61%	>33

"P"-klas is die maerste met die hoogste vleispercentasie en "S"-klas die vetste met die minste vleis.


Kopers betaal dan pryse ooreenkomstig klas en konformasie van die vark en die gewig-kategorie. Varke onder 60kg word gewoonlik vir vars vleis gebruik. Dié bo 60kg, d.w.s. spekvarke en worsvarke word, soos hulle name aandui, vir verwerkte produkte gebruik.

Varkproduksie is in die algemeen baie gespesialiseerd en wetenskaplik, maar ons hoop dat hierdie breë riglyne u 'n goeie idee sal gee van hoe uitdagend en verwickeld dit kan wees as dit korrek en suksesvol bedryf word!

11. NUTTIGE WENKE

- 11.1. Varke reageer baie goed op KMS – koesterende, minsame sorg. M.a.w. werk sagkens en kalm met hulle en jy sal veel meer uitrig as met ruwe en luide hantering. Dit is goeie diermenskap.
- 11.2. Onthou, klein varkies kan nooit te warm kry nie (28 – 30°C) en vra goeie hokke, verwarmers en diep of baie saagsels om hulle teen koue vloere te beskerm en die gevaar van siekte te bestry.
- 11.3. Sê of volwasse varke het koel temperature (18 – 20°C) nodig. Somerhitte is dus 'n ernstiger probleem as koue.
- 11.4. Moenie 'n varkhok oorbevolk nie want dit lei tot verdringings-probleme. Dit maak die varke ongelukkig en hulle bymekaar se sterte en ore, ens.
- 11.5. Vars kos en koel, skoon water is uiters belangrik vir gesonde, gelukkige varke.
- 11.6. Aandag aan detail is noodsaaklik om optimale produksie met varkboerdery te behaal. Dit kos tyd!
- 11.7. Bestuur is die sleutel tot sukses in varkproduksie en vereis eiehandige werk en goeie rekordhouding.
- 11.8. Voorkoming bly die beste medisyne as dit by siektes kom. Dit behels higiëne, inentingsprogramme, goeie ventilasie en instandhouding van geboue om hulle altyd in goeie toestand te hou.
- 11.9. Die vark se welsyn is van die uiterste belang en moet te alle tye in gedagte gehou word, veral t.o.v. akkomodasie, voeding, vervoer, siek diere en slagpale-aspekte.
- 11.10. Hoe beter jy jou diere versorg, hoe groter bevrediging en genot sal jy uit hulle put.
- 11.11. Hou die was area skoon en netjies indien die vark gaan lê sodat hy nie in enige vuilgoed gaan lê nie.
- 11.12. Moenie 'n emmer met seepwater in die wasera laat staan waar die vark dit kan drink nie.

12. DELE VAN 'N GROOT WIT VARK



- | | |
|------------------------|--------------------------------------|
| 1. Snoet | 11. Teelballe |
| 2. Kaak | 12. Teelsak |
| 3. Varkwang | 13. Skaamspleet |
| 4. Kootgewrig | 14. Anus |
| 5. Varkpootjie | 15. Sterpit/Stompstert |
| 6. Melkklier/Borsklier | 16. Ham |
| 7. Voorhuid of skede | 17. Oogspier |
| 8. Byklou | 18. Sterk rug |
| 9. Buitedy | 19. Kort nek (plek vir inspuittings) |
| 10. Hak | 20. Regop oor |
| | 21. Kort kop einde |